

WELKOM BY

AFFIES

BELANGRIKE INLIGTING VIR 2027 GRAAD 8-OUERS

INHOUD

SKOOLFONDS 2027

BELANGRIKE DATUMS VIR DIE RES VAN 2026

BASIESE INLIGTING VIR DIE EERSTE TWEE WEKE VAN GRAAD 8

DIE AFFIE-WINKEL EN SKOOLKLERE

DIE AFFIE-HANDELSMERK

KOSHUISBENODIGDHEDE

KARRI TOEPASSING VIR BETALINGS

WOOLWORTHS MY DIFFERENCE

SKOOLGELD

1. SKOOLGELD 2027

Op 'n ouervergadering, gehou op 27 Oktober 2026, is die skoolgeld vir 2027 vasgestel op R67 200 per leerling.

Skoolgeld sluit nie akademiese-, sport- en kultuurtoere, soos aan ouers voorgelê, in nie. Hierdie aktiwiteite is vrywillig en word nie deur skoolgeld gedek nie.

Begroting 2027

Die begroting is opgestel teen die agtergrond van die behoud van standaarde, die grootte van klasse, ander onvoorsiene koste, die afskaffing van poste, leerdergetalle, die staatstoekenning, salarisverhogings, die kurrikulum wat nuwe handboeke en rekenaargebruik vereis en oninbare skuld.

Gemeet hieraan is die beheerliggaam tevrede dat die kwaliteit van opvoeding wat u kind by Afrikaanse Hoër Seunskool ontvang, werklik waarde vir geld is.

Volgens die skolewet is alle skoolgeld vooruitbetaalbaar voor einde Januarie.
‘n Korting van 5% word toegestaan indien die volle skoolgeld voor of op 31 Januarie 2027 vereffen word.

As vergunning mag u die skoolgeld in vooruitbetaalbare paaiemente afbetaal.

Paaiemente word oor 10 maande versprei (begin Februarie tot begin November) of in vier gelyke paaiemente aan die begin van elke kwartaal.

Debietorders se paaiemente word oor 10 maande versprei (begin Februarie tot begin November). Betalings vir toere word nie hierby ingesluit nie.

Vir elektroniese bankinbetalings geld die volgende:
·**Gebruik asseblief u seun se toelatingsnommer en van as verwysing op ons bankstaat**.
·Stuur asseblief bewys van inbetaling per e-pos na finansies@affies.co.za.
·Ons bankbesonderhede: ABSA (Hatfield)
Takkode: 632-005
Rekeningnommer: 214 014 0255

Bepaling van Skoolgeld

Betalings ontvang voor of op 31 Januarie 2027

Skoolgeld per jaar	R 67 200.00
MIN kontantkorting van 5%	R 3 360.00
	R 63 840.00

Betalings ontvang na 31 Januarie 2027 (geen korting)

Skoolgeld per jaar	R 67 200.00

Die betalingskantoor is van Maandag tot Donderdag tussen 07:00 en 14:00 oop en op Vrydae van 07:00 tot 12:00.

SKOOLFONDS VIR 2027

(vervolg)

2. VOLLE OF GEDEELTELIKE VRYSTELLING VAN SKOOLGELD

Let wel, die skool ontvang geen subsidie of terugbetaling vanaf die Departement van Onderwys wat kwytgeskelde skoolfonds betref nie. Hierdie las word dus op ander betalende ouers afgeskuif. Derhalwe doen ons ‘n beroep op elke ouer wat kwalifiseer vir gedeeltelike of volle kwytskelding, om u verantwoordelikheid as ouer na te kom deur aan te bied om ‘n billike bedrag aan die skool te betaal vir die gehalteonderrig wat u seun by hierdie uitnemende skool ontvang.

Enige vrystelling geld vir net een jaar – nuwe vorms moet jaarliks ingevul word.

Die verantwoordelikheid om aansoek te doen vir statutêre kwytskelding of vermindering van skoolgeld berus by u as ouer. Ons strewe daarna om alle skoolgeld wat betaalbaar is (behalwe vrystellings) te verhaal, sodat betalende ouers nie die skoolgeld van nie-betalende ouers subsidieer nie.

Die oorspronklike vorms moet van 13 Januarie 2027 af persoonlik deur die ouer by me. Y. Gloy afgehaal word. GEEN aansoekvorms sal per e-pos, pos of per leerder of enige ander persoon aan ouers gestuur word nie. Alle aansoeke word in die skool se vrystellingsregister aangeteken.

Dit sal vir die skool (en uiteindelik alle ouers) geweldig help indien ouers wat wél kwalifiseer vir die verminderde betaling van skoolgeld, maar wat nogtans in staat is om die skoolgeld ten volle te betaal, dit wel sal doen. Dit sal toekomstige skoolgeldaanpassings help beperk. Vir vrystelling word beide ouers se bruto inkomste in aanmerking geneem (al is die ouers geskei of nie getroud nie). In die geval waar ouers 'n besigheid bedryf, moet finansiële verslae op aanvraag beskikbaar gestel word.

‘n Ouer wat om enige rede hulp nodig het om die aansoek om vrystelling te voltooi, kan die skool versoek om hiermee behulpsaam te wees.

KEERDATUMS: Alle aansoekvorms vir vrystelling wat volledig voltooi is, met stawende dokumente, moet nie later nie as 10 Maart 2027 weer by me. Y. Gloy ingehandig word.
Vorms wat laat ingedien word en wel vir korting kwalifiseer, sal slegs korting ontvang vanaf die datum waarop volledige aansoeke ontvang is. Die ander maande word dus volledig gehef.

3. KOSHUISGELD

Op ‘n ouervergadering gehou op 27 Oktober 2026 is die koshuisgeld vir 2027 vasgestel op R66 450 per leerling.

‘n Korting van 5% indien die volle koshuisgeld voor of op 31 Januarie 2027 vereffen word.
As vergunning mag u die koshuisgeld in vooruitbetaalbare paaiemente afbetaal.

Paaiemente word oor 10 maande versprei (begin Februarie tot begin November) of kan in drie gelyke paaiemente aan die begin van die eerste drie kwartale betaal word.

Debietorderpaaiemente word oor 10 maande versprei (begin Februarie tot begin November).
Geen korting of terugbetaling sal toegestaan word indien ‘n leerling vir enige tydperk, byvoorbeeld bloktyd en eksamens, nie in die koshuis bly nie.

SKOOLFONDS VIR 2027

(vervolg)

4. MUSIEKINSTRUMENTE

‘n Verhuringsfooi vir die instandhouding van instrumente en vervanging van ou instrumente, word jaarliks gehef. Die fooi is betaalbaar aan die begin van die jaar deur leerlinge wat Musiek as vak neem en nie hulle eie instrumente besit nie.

Die skool verhuur tans die volgende instrumente aan leerlinge teen R2 541 per jaar:
viool, altviool, tjello, dwarsfluit, fagot, altsaxofoon, tenoorsaxofoon, sopraansaxofoon, trompet, tromboon, Franse horing, eufonium en tuba

Leerlinge wat pyporrel, perkussie en kontrabas as instrument neem, moet ‘n bedrag van R1 475 per jaar vir oefen- en lesdoeleindes betaal. Leerlinge wat klavier as instrument neem, moet ‘n bedrag van R1 017 per jaar vir oefen- en lesdoeleindes betaal.

Die heffing vir die intrumentfooi word op die Karri-toep gedoen. *Meer oor die toep later*



TERUG

BELANGRIKE DATUMS VIR DIE RES VAN 2026

KOOROUDISIES

Seuns wat in 2027 in die Affiekoor wil sing, moet vanjaar reeds ‘n oudisie aflê. Afsprake hiervoor (ongeveer 8 minute per kandidaat) kan aanlyn gemaak word by die volgende skakel:

AFSPRAAK VIR **GRAAD 7 KOOROUDISIES**

Tydsgleuwe sal tussen 10 en 18 November beskikbaar wees. Afsprake sal slegs toegestaan word aan seuns wat by Affies geregistreer is - hou sy Affie-toelatingsnommer byderhand.

Sodra u 'n afspraak via die skakel gemaak het, sal u verdere inligting en bevestiging ontvang. Die eerste oefening vir seuns wat suksesvol is, is vir 25 November geskeduleer.

Vir enige navrae, kontak me. Estelle Matthee by 012 344 3805 (skoolure) of estelle.matthee@affies.co.za.

MUSIEKOUDISIES

Seuns wat in 2027 Musiek as vak by Affies wil neem, moet ‘n oudisie aflê om hiervoor gekeur te word. Vorige musiekopleiding/agtergrond is nie ‘n vereiste nie. Seuns wat nie die oudisie slaag nie, sal by die vak Drama en Visuele Kuns ingedeel word.

Ouers wat op die aansoekvorm aangedui het dat die seun belangstel om in 2027 Musiek as vak by Affies te neem, sal 'n e-pos van die Musiekdepartement ontvang.

Musiekoudisies word op **26 en 27 November tussen 11:00 en 16:00** gehou. U seun gaan ‘n aanleg-oudisie op verskillende instrumente aflê en moet vir ongeveer 'n uur beskikbaar wees vanaf die afspraaktyd.

Die getal leerders wat toelating kry om Musiek as vak te neem, word bepaal deur die beskikbaarheid van onderwysers en instrumente. Seuns wat ‘n kitaar besit, is welkom om dit saam te bring.
Voltooi asb. voor of op 19 November die vorm by die skakel hieronder:

AFSPRAAK VIR **GRAAD 7 MUSIEKOUDISIES**

Let wel, slegs seuns wat vir 2027 by Affies geregistreer is kom in aanmerking vir hierdie afsprake.

← TERUG

BELANGRIKE DATUMS VIR DIE RES VAN 2026

ORIËNTERINGSDAG VIR RUGBY EN HOKKIE EN INLIGTINGSESSIE VIR OUERS

Op **Saterdag 28 November** kan seuns ‘n oriënteringsdag bywoon vir onderskeidelik rugby of hokkie, terwyl ouers inligtingsessies bywoon.

Parkering

Parkering sal op die skool se parkeerterrein, by Klub600 in Walton Jamesonlaan en by die Ooskerk beskikbaar wees. Vir ouers wat hul seuns na die hokkie-vaardigheidsessies bring, is daar parkering gereël in Bondstraat, langs Afrikaanse Hoër Meisieskool (AHMP) se hokkie-astro.

BYWONING VAN ORIËNTERINGSDAG

Program vir Hokkie en Rugby

Die program vir die Hokkie en Rugby sal later aan diegene gestuur word wat die skakel hierbo voltooi het. Verrigtinge behoort om 07:15 te begin en sal 12:30 afsluit, waarna seuns en ouers die geleentheid het om die braai by Klub 600 by te woon.

Let wel, die oriënteringsdag is nie proewe nie en seuns sal in die eerste kwartaal steeds aan proewe vir albei sportsoorte deelneem. Die doel van hierdie sessies is bloot om die nuwelinge te ontmoet, en hulle aan Affies se winterspansporte bekend te stel. Seuns kies tussen rugby en hokkie.

INLIGTINGSESSIE VIR MA’S

Daar sal op **Saterdag 28 November**, tussen 09:30 en 11:00, ‘n inligtingsessie vir ma’s in die skoolsaal aangebied word. Belangrike inligting wat betref akademie, ondersteuningsdienste en die Affie-leefwyse sal hier bespreek word.

Die skool se klerewinkel is ook op 28 November tussen 07:30 en 14:00 oop vir aankope. Daar is beperkte afsprake vir die aanpas van klere vir hierdie geleentheid beskikbaar. Afsprake vir die aanpas van klere op hierdie of enige ander dag, kan by die skakel hieronder gemaak word

BYWONING VAN INLIGTINGSESSIE

← TERUG

BASIESE INLIGTING VIR DIE EERSTE TWEE WEKE VAN GRAAD 8

1

FLO-drag vir die eerste twee weke

Die seuns dra gedurende die inskakelingstydperk daagliks FLO-drag (wit Affie-sporthemp en groen Affie-sportbroek) met tekkies. Hulle sal inligting rakende die atletiekdae en T-hemde vir hul sporthuis ontvang.



BENODIGDHEDE	
Skryfbehoeftes (notaboek en pen)	Sonskerm
Kosblik	Waterbottel
Skoolsweetpak vir koeler dae	

2

Skooldrag vir Inhuldiging

Die seuns dra tydens inhuldiging die grys kortbroek, grys kouse, swart skoolskoene, wit langmou Affie-hemp en kleurbaadjie. Die das en pet word in die hand gedra. Na die inhuldiging dra die seuns daagliks volledige skooldrag en bring hul tasse skool toe.



Skryfbehoeftes en tas

Slegs ‘n tas en basiese skryfbehoeftes word aangekoop. Skrifte en handboeke word deur die skool voorsien. Die skooltas word op 20 Januarie benodig.
Seuns gebruik ‘n sakrekenaar eers later, maar ons stel die volgende model voor: CasioFX-82ZA PLUS II

3

Items wat later benodig word

Kleredrag vir sport kan aangekoop word soos dit benodig word. Die T-hemp vir koshuis- en dorpspanne word tydens die interhuis-byeenkoms reeds benodig.



GRAAD 8-INSKAKELINGSPROGRAM 2027

Koshuisseuns meld op Sondag 10 Januarie 2027 om 13:00 in hul FLO-klere by die koshuis aan.

Dagskoliere meld op Maandag 11 Januarie 2027 om 07:00 in hul FLO-klere by die skool aan.

Algemene inligting

Seuns meld gedurende die inskakelingsperiode daagliks om 07:00 by die skool aan en tree op die vierkant aan.

Die skool kom 13:40 uit, waarna buitemuurse aktiwiteite of proewe vir sportsoorte begin.

TYE	
Aankoms	07:00 (vierkant)
Verdaag	13:40 tensy anders vermeld in program
Buitemuurs/proewe	14:30-17:30
Klerewinkel	09:00-15:00
1920 Kafeteria	Maandag tot Donderdag: 06:00-17:00 | Vrydae: 06:00-15:00

UITDUNNE EN PROEWE VIR SOMERSPORTSOORTE

Uitdunne vir atletiek en swem sal op 12 Januarie in skooltyd gehou word. Proewe vir krieket sowel as waterpolo vind van 11 tot 14 Januarie van 14:30 tot 17:30 plaas.

BELANGRIKE DATUMS VIR OUERS	
Sondag 10 Januarie 2027	Ete en inligtingsessie vir koshuisouers (vanaf 13:00)
Maandag 11 Januarie 2027	Skool begin vir graad 8's
Dinsdag 12 Januarie 2027	Ouerinligtingsessie: dagskoliere (18:00 in die skoolsaal)
Vrydag 15 Januarie 2027	Atletiek Interhuis
Dinsdag 19 Januarie 2027	Swem Interhuis
Vrydag 22 Januarie 2027	Kenmekaarbraai (17:30 op rugbyveld)
Maandag 25 Januarie 2027	Inhuldigingsaand (18:30 in skoolsaal)
Saterdag 16 tot Maandag 18 Januarie	Graad 8-kamp (Zwartkloof, busse vertrek om 07:00)

Die volledige graad 8-inskakelingsgids vir die seuns sal voor die Desember skoolvakansie aan ouers gestuur word.

TERUG

DIE AFFIE-WINKEL

AFSPRAKE VIR DIE KLEREWINKEL

Afsprake vir die klerewinkel is van 1 November 2026 af beskikbaar by die skakel hieronder:

Afsprake sal slegs toegestaan word aan seuns wat reeds by Affies geplaas is

AFSPRAKE VIR DIE KLEREWINKEL

AFFIE-WINKEL • NO LIMITS SPORT

Op die skoolterrein

082 268 7843

affiewinkel@nolimitssport.co.za

AANLYN WINKEL

KLIK HIER VIR DIE AFFIE-WINKEL

WINKELTYE

Maandag–Donderdag 07:00–15:00
Vrydag 07:00–14:30

SKOOLVAKANSIES EN OPENBARE VAKANSIEDAE

Gesluit, tensy anders aangedui.

Die winkel is soms tydens spesiale geleenthede en wedstryddae op die Affie-terrein oop. Hou die skool en Affie-winkel se kommunikasie dop vir spesiale ure.



SKOOLDRAG

Somerdrag bestaan uit ’n wit langmou skoolhemp, grys kortbroek, grys kouse en swart skoene. Seuns moet ook ’n Affie-pet en skoolbaadjie dra. Hierdie skooluniform word eers ná die graad 8-inhuldiging gedra.



FORMELE WIT HEMP



KLEURBAADJIE



AFFIE-PET



GRYS KORTBROEK



GRYS KOUSE



SWART SKOOLSKOENE



SKOOLDAS



GORDEL

OF GEWONE SWART GORDEL

WINTERSDRAG



GRYS LANGBROEK



OORTREKTRUI

FLO- EN SPORTDRAG

Graad 8's dra vir die eerste twee weke van skool FLO-drag (Fisiese Lewensoriëntering drag bestaan uit groen broekie, wit Affie-T-hemp, Affie-kouse en drafskoene).



FLO-HEMP



GROEN AFFIE-BROEK



FLO-/SPORTSOKKIES

INDIEN DIT KOUD IS OF REËN

Langmou FLO-hemp • sweetpakbaadjie • sweetpakbroek



LANGMOU FLO-HEMP



SWEETPAKBAADJIE



SWEETPAKBROEK

SPORTHUISE



HARTBEESTE
Vanne A-G



ELANDE
Vanne H-P



KOEDOES
Vanne R-Z



KOSHUIS

TERUG

GEBRUIK VAN DIE AFFIE-HANDELSMERK

Die skool verstaan die trots en opgewondenheid wat heers wanneer ouers en seuns deel word van die Affie-familie. Dit is dikwels juis hierdie trots wat die begeerte skep om iets spesiaal of persoonlik te laat maak om dié besondere verbintenis te vier. Affies waardeer hierdie geesdrif opreg.

Die naam *Affies*, die skool se naam (Afrikaanse Hoër Seunskool), die skoolwapen, skooldrag en -kleure is egter geregistreerde handelsmerke wat met groot sorg beskerm en bestuur word. Om die waarde van die handelsmerk te behou, mag dit daarom nie sonder skriftelike toestemming van die skool gebruik of op enige items aangebring word nie.

Hierdie riglyn geld vir alle nie-amptelike items, insluitend tasse, sportsakke, siviele klere, persoonlike geskenke en ander items wat self ontwerp of vervaardig word. Dit sluit ook die gebruik van die Affie-handelsmerk via WhatsApp-groepe, op digitale profiele en ander aanlyn platforms in.

Die skool versoek dat ouers en seuns hierdie riglyn sal respekteer. Dit is beslis nie om die Affie-trots te demp nie, inteendeel, dit is om verantwoordelik met Affies se waardevolle handelsmerk en erfenis om te gaan.



KOSHUIS-BENODIGDHEDE

Vir Graad 8-koshuisseuns

Geen vaste hoeveelheid van elke kledingstuk word voorgeskryf nie - elke gesin se wasroetine, begroting en behoeftes verskil, maar hieronder is aanbevelings van die koshuis:

FLO-DRAG

- ☐ 3 × FLO-hemde
- ☐ 4 × groen FLO-broeke
- ☐ 5 × pare sportkouse
- ☐ Tekkies — geen plakkies saam met sportdrag nie *Meld Sondag aan met FLO-drag.*

SKOOLKLERE

- ☐ 1 kleurbaadjie
- ☐ 1 skoolpet
- ☐ 5 × grys kortbroeke/langbroeke vir winter
- ☐ 5 × wit langmouhemde
- ☐ 1 skooldas
- ☐ 1 paar swart skoolskoene
- ☐ 5 × pare skoolkouse
- ☐ 1 wit skool-oortrektrui
- ☐ 1 skoolsweetpak
- ☐ 3 × swart koshuishemde
- ☐ Affie-gordel
- ☐ Sportdrag en swembroek *(indien nodig)*

PERSOONLIKE BENODIGDHEDE

- ☐ Onderklere
- ☐ Slaapklere
- ☐ Reënjas/warm klere - aanbeveel
- ☐ Klerehangers
- ☐ 2 wasgoedsakke - met naam op
- ☐ Beddegoed:
  Enkelbed-duvet, paslaken en kussing
- ☐ Handdoeke
- ☐ Skoenpolitoer en -borsel
- ☐ Toiletware
- ☐ 1 slot - verkieslik nie ’n kombinasieslot nie
- ☐ 1 bedmatjie - aanbeveel
- ☐ Bybel en Bybelstudiehandleiding

SKRYFBEHOEFTES & OPSIONEEL

- ☐ Stewige tas met vakkies
- ☐ Penne, potlode en Wiskunde-stelletjie
- ☐ Opsioneel: Affie-sportsak en/of rugsak

Handboeke, skrifte en dagboek word deur die skool uitgedeel

Merk alles duidelik met seun se naam en van. **Let wel:** Geen staaltrommels word toegelaat nie.

TERUG

KARRI-TOEP

DIE KARRI-TOEPASSING WORD GEBRUIK VIR BETALINGS VIR TOERE, KAMPE, INVORDERINGS EN UITSTAPPIES (U SAL DIT REEDS GEBRUIK VIR BETALING VAN DIE GRAAD 8-KAMP)

LAAI DIE TOEP HIER AF

1. Laai die Karri-toep van Play Store/App Store op u foon af.
2. In Karri, kies “Sign Up” en **registreer met dieselfde e-posadres as wat die skool gebruik om met u te kommunikeer**.
3. Volg die instruksies om die registrasie te voltooi.
4. Onder “Connections”, maak seker dat u seun(s) aan u profiel gekoppel word.
   Let wel, seuns kan eers gekoppel word sodra hy ‘n ingeskrewe leerder van die skool is.
5. Kies ‘n “Payment Method” onder “Profile”, sodat u kaart aan die toep gekoppel is.
6. U kan in die profiel ook u voorkeurtaal na Afrikaans verander.

Vir enige navrae wat betref die aflaai of gebruik van die toep, kan u Karri-toep se kliëntediens kontak by 021 300 1867, ‘n e-pos stuur aan support@karri.co.za, of bloot na die webtuiste https://www.karripay.com/ gaan.

TERUG



Woolworths het sy ou MySchool-kaart vervang met ’n nuwe program, MyDifference.


Om Affies as begunstigde te kies, volg die ses stappe hieronder in die Woolworths-toep.

U kan meer as een saak ondersteun. As u kaart steeds die laerskool of ’n ander organisasie ondersteun, hoef u niks prys te gee nie - voeg eenvoudig Affies by.

Elke gesin wat weer aansluit, bou saam aan Affies se toekoms. Dankie dat julle deel is van hierdie gemeenskap.


So kies u Affies in ses stappe:

1




Laai die Woolworths-toep af (App Store of Google Play) en teken in, of registreer en sluit by MyDifference aan.

2




Kies "Loyalty" onder in die toep en klik op "Causes".

3




Kies "Choose My Own" en druk "Continue".

4




Soek "Afrikaanse Hoër Seunskool".

5



Klik "Add Cause".

6



Klaar! U volgende inkopies dra by tot Affies.

TERUG